

**Sondag 26 Julie 2020**

**Hoe lyk die Koninkryk waarin ons vandag as gelowiges in leef?**

**Ds. Marius Breytenbach**

Ons gaan vandag uit Johannes 18:33-38 en Romeine 12 lees.

Lees eers Johannes 18:33-38.

Die 1000 jaar tussen Koning Dawid en Jesus het Joodse gelowiges met die droom geleef van 'n koning wat soortgelyk aan Dawid, 'n koninkryk sal bou wat hulle belange beskerm en 'n beter hede en toekoms sal verseker. Die storie van Jerusalem en hulle koninkryk is egter 'n verhaal van konstante konflik, oorlog en vernietiging. Gelowiges het gevoel dat hulle op politieke en ekonomiese front hierdie koninkryk moes bou en baklei om dit te behou. Jerusalem is gevolglik meer as vyftig keer in die geskiedenis verower en twee keer heeltemal vernietig. In die foto een van die stad se ingangshekke kan die koeëlgate van onlangse konflik gesien word.



Dit is ironies want die naam Jerusalem beteken “stad van vrede”. 'n Mens onthou die verhaal in die Bybel toe Jesus eens op die stad neergekyk en gesê het: “As julle maar net wou insien wat vir die vrede van hierdie stad nodig is”, maar gelowiges was verblind deur hulle eie emosies, drome, ideale en die vooruitsig van 'n koninkryk wat hulle lewens in 'n bose sirkelgang gevangene gehou het. Vandag eggo hierdie waarskuwing van Jesus in ons eie tyd. Kan ons deur dit sien of word ons ook daardeur vasgevang?

Paulus was een van die eerste gelowiges wat verstaan het dat die Koninkryk van God nie verband hou met die koms van 'n “eendag Messias” en die herstel van

politieke en ekonomiese realiteite nie, maar dat gelowiges deur Jesus se sterwe en opstanding reeds in die realiteit van God se koninkryk leef. In Romeine 12 praat Paulus dan baie prakties oor hoe so 'n lewe lyk. Lees Romeine 12 (dit spreek 'n mens op 'n baie praktiese manier aan). Let op hoe alles wat volg die gevolg is van hoe ons op "grond van God se groot genade" optree.

Paulus waarsku in hierdie gedeelte dat ons nie moet toelaat dat rou emosies, ooglopende perspektiewe of ideale en drome oor die hede en toekoms, ons langer gevange hou nie. Ons skynbare koninkryke word 'n tronk van ongelukkigheid.

George Bernard Shaw het die volgende gesê:

*"The reasonable man adapts himself to the world; the unreasonable one persists in trying to adapt the world to himself. Therefore, all progress depends on the unreasonable man."*

Die kwessie vandag is nie soseer net 'n gebrek aan rede nie, eerder geloof. Om uit 'n dieper perspektief na hierdie hede, waarin God se koninkryk gestalte kry, te kan kyk. In die Covid-19-era word ons daagliks met 'n klomp komplekse realiteite gekonfronteer wat ons geloof toets.

Neem vandag tyd om in gebed die volgende aan die Here op te dra.

- Ons eie onredelikheid wat tans oor ons baas speel.
- Ons gebrek aan insig om te kan sien wat vir ons eie hede nodig is.
- Vra die Here om jou te help dat jou geloof in jou gevoelens, denke en dade sal spreek.
- Laat toe dat God se groot genade die bron sal wees waaruit jy voel, dink en doen.
- Ervaar die Here se vryheid wat jou in hierdie lewe inspireer om prakties in geloof aan 'n nuwe hede te bou.

Mag die genade van ons Here Jesus Christus,  
en die liefde van God ons Vader,  
en die teenwoordigheid van die Heilige Gees by jou wees

AMEN